- (2) In die geval van In privaat geadministreerde pensioenfonds, word die berekening van die heffing in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getar lede en ander persone in daardie subitem bedoel, soos daardie getal blyk uit die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is en op 31 Augustus van die heffingsjaar by die Raad geliasseer is. Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 31 Augustus van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die hefting betaal ten opsigte van die lede wat oorgedra word. Waar die Registrateur die aanstelling van In likwidateur van 'n fonds gedurende die heffingsjaar goedkeur, is die hefting van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar en daarna is geen verdere hefting betaalbaar nie.

(3) In die geval van In onderskryfde pensioenfonds word die berekening van die hefting in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getal lede en ander persone in daardie subitem bedoel, 5005 daardie getal blyk uit die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevalge enige wet ingedien is -

(a) op die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing met die oog op die voorlopige betaling van die heffing; en

(b) op 30 Junie van die heffingsjaar by die Raad geliasseer is met die oog op finalisering van die heffing.

Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 31 Augustus van die heffingsjaar nag nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die hefting betaal ten opsigte van die lede wat oorgedra word. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds gedurende die heffingsjaar goedkeur, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar en daarna is geen verdere heffing betaalbaar nie.

(4) In die geval van 'n pensioenfonds wat kragtens artikel 2(2) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, van die bepalings, behalwe artikels 3 en 4(1) en (2), van daardie Wet vrygestel is, word die berekening van die hefting in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getal lede en ander persone in daardie subitem bedoel wat Suid-Afrikaanse burgers is, en woonagtig is in die Republiek, soos daardie getal blyk uit die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevalge enige wet ingedien is en op 30 Junie van die heffingsjaar by die Raad geliasseer is. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds gedurende die heffingsjaar goedkeur, is die hefting van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar en daarna is geen verdere hefting betaalbaar nie.

(5) Die heffings bedoel in subitem (1), wat betaalbaar is deur In pensioenfonds bedoel in -

(a) subitem (2) en (4), moet nie later nie as 31 Oktober van die heffingsjaar betaal word; en

(b) subitem (3), moet, vir sover dit die voorlopige betaling betref, nie later nie as 30 Julie van die heffingsjaar en die balans binne 30 dae na die datum van die finale faktuur betaal word.

Hefting vir die Pensioenfondsberogter

4. Ten opsigte van 'n pensioenfonds wat ingevolge die Wet op Pensioenfondse, 1956, geregistreeer of voorlopig geregistreeer is, insluitende 'n uittredingsannulteriteitsfonds soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962, is die hefting vir die Pensioenfondsberogter In bedrag van R2,65 per lid van sodanige fonds en elke persoon wat gereeld periodieke betalings uit sodanige fonds ontvang. Hierdie hefting kan saam met die hefting bedoel in item 3(1), waar toepaslik, betaal word, en is betaalbaar op die datum bepaal in item 3(5).

Hefting op uittredingsannulteriteitsfondse

5. (1) Ten opsigte van 'n uittredingsannulteriteitsfonds bedoel in item 3(1), is die hefting 'n bedrag van R753,24 (R886,16 verminder met 'n heftingskorting van R132,92) plus 'n bykomende bedrag gelyk aan 0,004897% (0,0066% verminder met 'n heftingskorting van 0,001703%) van die waarde van die fonds se bates. Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds gedurende die heffingsjaar goedkeur, is die hefting van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar, en daarna is geen verdere hefting betaalbaar nie. Die waarde van die bates van 'n uittredingsannulteriteitsfonds is by die toepassing van hierdie subitem -
 - (a) in die geval van 'n fonds wat nie ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, saamgelees met regulasie 1 van die Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is nie, die waarde van daardie bates van die fonds bepaal by die waardering daarvan deur die versekeraar met die DOg op die bepaling van sy verpligtinge wat deur item 8(2)(b) uitgesluit word van die omskrywing van "verpligtinge", asook enige ander bates deur die fonds gehou om sy verpligtinge ten opsigte van sy lede na te kern: en
 - (b) in die geval van 'n fonds wat ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, saamgelees met regulasie 1 van die Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is, die waarde van daardie bates van die fonds bepaal by die waardering daarvan deur die versekeraar met die oog op die bepaling van sy

verpligtinge wat deur item 8(2)(b) uitgesluit word van die omskrywing van "verpligtinge".

- (2) Die berekening van die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds moet die waarde van 'n kontrak, indien enige, insluit, waarin 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n uittredingsannuïteitsfonds om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf.
- (3) Die heffing bedoel in subitem (1), wat betaalbaar is deur 'n uittredingsannuïteitsfonds bedoel in-
 - (a) subitem (1)(a), moet nie later nie as 31 Oktober van die heffingsjaar betaal word; en
 - (b) subitem (1)(b), moet, vir sakes van hierdie voorlopige betaling betref, nie later nie as 30 Julie van die heffingsjaar en die balans binne 30 dae na die datum van die finale faktuur betaal word.

Heffing op onderlinge hulpverenigings

6. Vanaf 1 April 2006, word 'n onderlinge hulpvereniging wat ingevolge artikel 3(2)(a) van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), geregistreer of voorlopig geregistreer is, vrygestel van die betaling van heffings.

Heffing op korttermynversekeraars en onderskrywers van Lloyd's

7. (1) Ten opsigte van 'n versekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), geregistreer is om korttermynversekeringsbesigheid te dryf, word die heffing gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, vir die versekeraar se boekjaar wat eindig gedurende die periode van 1 Julie tot 31 Maart van die huidige heffingsjaar of wat eindig gedurende die periode van 1 April tot 30 Junie van die volgende heffingsjaar, aangesuiwer na die einde van sy boekjaar in ooreenstemming met sy werklike geouditeerde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte. Ongeag die lengte van die finansiële periode van die versekeraar, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,107% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, plus 0,0247% daarna, of R10 700,

watter totale bedrag ookal die grootste is. Die koers van krag aan die einde van die finansiële periode van die versekeraar *sal* van toepassing wees vir die hele periode wat op daardie datum eindig:

Met dien verstande dat, onderhewig aan subitem (3), die hefting in hierdie subitem met 'n heffingskorting van 0,004739% van die werklike geouditeerde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, van 'n korttermynversekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, 1998, geregistreer was of geag geregistreer te gewees het op enige dag van die heffingsjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, vir die versekeraar se boekjaar wat gedurende die periode van 1 Julie tot 31 Maart van die heffingsjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan geëindig het of wat gedurende die periode van 1 April tot 30 Junie van die vorige heffingsjaar geëindig het verminder sal word.

- (2) Ten opsigte van 'n persoon aangestel ingevolge artikel 57(1) van die Korttermynversekeringswet, 1998, word die hefting gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste vir die kalenderjaar wat op 31 Desember van die heffingsjaar eindig, maar wat jaarliks na 31 Desember aangesuiwer word in ooreenstemming met die bruto premie-inkomste wat ten behoeve van onderskrywers van Lloyd's in die Republiek vir die vorige kalenderjaar ontvang is 5005 in die Jaarverslag van die Registrateur *van* Korttermynversekeringswese gepubliseer. Die hefting is 'n bedrag gelyk aan 0,107% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste plus 0,0247% daarna, of R12 700, watter totale bedrag ookal die grootste is:

Met dien verstande dat, onderhewig aan subitem (3), die hefting in hierdie subitem met 'n heffingskorting van 0,004739% van die werklike geouditeerde bruto premie-inkomste van 'n persoon aangestel ingevolge artikel 57(1) van die Korttermynversekeringswet, 1998, wat ten behoeve van onderskrywers van Lloyd's in die Republiek vir die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voerafgaan ontvang was 5005 in die Jaarverslag van die Registrateur van Korttermynversekeringswese gepubliseer verminder sal word.

- (3) In Korttermynversekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees op enige dag van die heffingsjaar, moet die volle heffings in subitem (1) bedoel, betaal.
- (4) Die hefting op beraamde premie-inkomste word betaal in twee paaiemente voor of op

30 Julie en 31 Oktober van die heffingsjaar. Die aansuiwering bedoel in subitem (1) word gekombineer met die eerste of tweede betaling na die einde van 'n versekeraar se boekjaar en die heffingskorting in die voorbehoudsbepaling tot subitem (1) word gekombineer met die tweede betaling na die einde van 'n versekeraar se boekjaar. In die geval van Lloyd's word die aansuiwering bedoel in subitem (2) en die heffingskorting in die voorbehoudsbepaling tot subitem (2) gekombineer met die Oktober betaling.

Hefting op langtermynversekeraars

8. (1) Ten opsigte van 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), geregistreer is of geag geregistreer te wees en gemagtig is om -

- (a) een of meer as een ongeskiktheidspolis, fondspolis, gesondheidspolis, lewenspolis of amortisasiepolis of een of meer van daardie polisse en 'n bystandspolis af te sluit, is die hefting 'n bedrag van R37 000 plus 0,00660/0 van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse; of
- (b) alleenlik 'n bystandspolis af te sluit, is die hefting 'n bedrag van R3 700 plus 0,0066% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse:

Met dien verstande dat, onderhewig aan subitem (3), die hefting -

- (i) in paragraaf (a) met 'n heffingskorting van R3700 ten opsigte van 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer was of geag geregistreer te gewees het op 1 April van die vorige heffingsjaar, of R1 850 indien 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, tussen 1 April en 1 Oktober van die vorige heffingsjaar geregistreer was of geag geregistreer te gewees het, plus 0,0017030/0 van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse soos bepaal aan die einde van die langtermynversekeraar se boekjaar wat geëindig het in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan verminder sal word;

- (ii) in paragraaf (b) met 'n heffingskorting van R370 ten opsigte van In langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer was of geag geregistreer te gewees het op 1 April van die vorige heffingsjaar, of R185 indien In langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, tussen 1 April en 1 Oktober van die vorige heffingsjaar geregistreer was of geag geregistreer te gewees het, plus 0,001703% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse 5005 bepaal aan die einde van die langtermynversekeraar se boekjaar wat geëindig het in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan verminder sal word.
- (2) Die uitdrukking "verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse" in subitem (1)(a) en (b) -
- (a) beteken die verpligtinge 5005 bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die bruto verpligtinge kragtens onafgeloste polisse gereflekteer teen die item "Gross policy liabilities" in kolom 9 van Staat C9 van die Langtermynopgawe (Vorm LT2006), of beteken, indien die langtermynversekeraar geen boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, gehad het nie, die bruto verpligtinge 5005 aangedui aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het;
- (b) sluit nie die verpligtinge in nie ingevolge In kontrak ingevolge waarvan In langtermynversekeraar, in ruil vir In premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van In onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, of In pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf: Met dien verstande dat die verpligtinge wat van die omskrywing uitgesluit is, nie verpligtinge insluit nie ingevolge In kontrak wat uitsluitlik betrekking het op In bepaalde lid van 'n onderlinge hulpvereniging of In pensioenfondsorganisasie, of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van In bepaalde lid van die onderlinge hulpvereniging of pensioenfondsorganisasie.

- (3) 'n Langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees -
- (a) op 1 April van die heffingsjaar, meet die volle heffings in subitem (1)(a) en (b) bedoel, eoreenkomstig subitem (4) betaal: of
 - (b) na 1 April maar nie na 1 Oktober van die heffingsjaar nie, moet die helfte van die heffings in subitem (1)(a) en (b) bedoel, in een bedrag betaal as die enigste betaling, voor of op 31 Oktober van die heffingsjaar.
- (4) Die heffings in subitem (3)(a) bedeel moet in twee paaielemente betaal word, naamlik -
- (a) 50% van die hefting, uitgesluit die heffingskorting in die voorbehoudsbepaling tot subitem (1), of, sou die werklike bedrag nie beskikbaar wees nie, 'n redelike skatting van sodanige hefting gebaseer op 'n redelike beraming van die waarde van die verpligtinge in subitem (2) bedoel, voer of op 30 Julie van die heffingsjaar; en
 - (b) die balans van die hefting, ingesluit die heffingskorting in die voorbehoudsbepaling tot subitem (1), veer of op 31 Oktober van die heffingsjaar; en
 - (c) indien die paaielement gebaseer is op 'n skatting soos in subitem (4)(a) bedoel, moet 'n regstelling in ooreenstemming met die werklike waarde van die verpligtinge in subitem (2) bedoel, gekombineer word met die volgende heftingspaaielement nadat sodanige werklike waarde vasgestel en aan die Raad verskaf is.

Hefting op tussengangers

9. (1) Ten opsigte van 'n agent, makelaar of ander persoon bedoel in artikel 45 van die Korttermynversekeringswet, 1998, is die hefting 'n bedrag gelyk aan 0,011% van die totale brute premies waaroor verslag gedoen is deur 'n ouditeur of rekenkundige beampte, na gelang van die geval, ingevolge regulasie 4.4 kragtens genoemde Wet, wat deur sodanige agent, makelaar of ander persoon gedurende sy jongste boekjaar ten behoeve van geregistreerde versekeraars en onderskrywers by Lloyd's ontvang is, of R81, watter totale bedrag ookal die grootste is.

- (2) Die hefting bedoel in subitem (1), moet nie later nie as 30 November van die heffingsjaar betaal word en word gebaseer op die totale bruto premies op 30 September van elke heffingsjaar soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Versekerings-vereniging, onderhewig aan 'n maksimum van R196 363 700.

Hefting op kollektiewe beleggingskemas in effekte

10. (1) Ten opsigte van kollektiewe beleggingskemas in effekte, soos bedoel in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 (Wet No. 45 van 2002), is die hefting 'n totale bedrag van R5 698 560, plus enige bedrag betaalbaar ingevolge subitem (10)(2), vir al sodanige skemas geadministreer deur 'n bestuurder wat kragtens artikel 42 van genoemde Wet te eniger tyd gedurende die heftingsjaar geregistreer is, verminder met 'n totale heffingskorting van R1 531 042 wat die heffing betaalbaar op R4 167 518 te staan bring, plus enige bedrag betaalbaar ingevolge subitem 10(2). Die bedrag is betaalbaar in vier kwartaallikse paaiemente op of voor 30 Julie 2007, 30 September 2007, 31 Desember 2007 en 31 Maart 2008. 50% van die heffingskorting word afgetrek van die hefting betaalbaar ten opsigte van die kwartaal wat op 30 September 2007 eindig en 50% ten opsigte van die kwartaal wat op 31 Desember 2007 eindig. Die kwartaallikse bedrae word betaal op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal en word verdeel tussen alle bestuurders wat op daardie dag geregistreer is. Die berekening van verskuldigde heftings is soos volg:

- (a) 10% in gelyke mate verdeel tussen alle bestuurders;
- (b) 60% verdeel ooreenkomstig die aantal portefeuljes deur elke bestuurder geadministreer; en
- (c) 30% verdeel in verhouding tot die totale bates deur elke bestuurder geadministreer:

- (2) Indien 'n bestuurder nie 'n lid is van die Association of Collective Investments, sal die bedrae betaalbaar ingevolge subitems 1(a), (b) en (c) verdubbel word.

Heffing op buitelandse kollektiewe beleggingskemas

11. (1) Ten opsigte van buitelandse kollektiewe beleggingskemas goedgekeur ingevolge artikel 65 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, is die heffing in vier kwartaallikse paaiemente betaalbaar en elke paaiement bestaan uit -

- (a) 'n bedrag van R3 670 ten opsigte van elke skema; plus
- (b) 'n bedrag van R1 990 ten opsigte van elke portefeulje, fonds of subskema; plus
- (c) 0,000190% van die netto bates onder bestuur namens Suid-Afrikaanse beleggers:

insluitende 'n totale heftingskorting van R1 288 352, toegedeel in verheuding tot die heffing betaalbaar deur elke skema gedurende die heftingsjaar. 50% van die heftingskorting word afgetrek van die heffing betaalbaar deur elke skema ten opsigte van die kwartaal wat op 30 September 2007 eindig en 50% ten opsigte van die kwartaal wat op 31 Desember 2007 eindig.

- (2) Indien 'n goedgekeurde buitelandse kollektiewe beleggingskema nie 'n geassosieerde lid van die Association of Collective Investments bedoel in item (1) is nie, sal die bedrae betaalbaar ingevolge subitems (1)(a), (b) en (c) verdubbel word.
- (3) Die heffing is betaalbaar in vier kwartaallikse bedrae op of voor 30 Julie 2007, 30 September 2007, 31 Desember 2007 en 31 Maart 2008. Die bedrag word bereken op die grondslag van statistieke 5005 aan die einde van die voorafgaande kwartaal, welke statistieke binne 30 dae na sodanige kwartaaleinde aan die betrokke Registrateur voorsien moet word.
- (4) By die toepassing van subitem (2), moet die statistiek wat aan die betrokke Registrateur voorsien word, besonderhede bevat van aile verkope en aflossings of terugkope binne Suid-Afrika.
- (5) Heffings is ten opsigte van aile maande binne enige betrokke kwartaal betaalbaar.

Hefting op kollektiewe beleggingskemas in eiendom

12. (1) Ten opsigte van 'n bestuurder van 'n kollektiewe beleggingskema in eiendom, soos bedoel in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, is die heffing 'n bedrag van R48 506 op elke portefeulje, insluitende 'n heffingskorting van R13 032 ten opsigte van elke effektegroep, wat die heffing betaalbaar ten opsigte van elke portefeulje op R35 474 te staan bring.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1) moet nie later nie as 30 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Hefting op kollektiewe beleggingskemas in deelnemingsverbande

13. (1) Ten opsigte van 'n bestuurder wat 'n kollektiewe beleggingskema in deelnemingsverbande administreer en wat ingevolge artikel 53 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, geregistreer is, is die heffing 'n bedrag van R4770, plus 'n bedrag wat bereken word deur die totale bedrag verskuldig deur verbandgewers op 31 Desember 2006 te vermenigvuldig met die syfer 0,00995%. Van die totale heffing wat bereken is ten opsigte van alle bestuurders van deelnemingsverbandskemas word 'n totale heffingskorting van R102 413 pro rata afgetrek van die heffing wat deur elke bestuurder betaalbaar is.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1) moet nie later nie as 30 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op beurse

14. (1) Ten opsigte van JSE Beperk, 'n beurs wat ingevolge artikel 10 van die Wet op Sekuriteitsdienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), gelisensieer is, is die heffing 'n bedrag van R4 495 200.
- (2) Ten opsigte van die Effektebeurs van Suid-Afrika, wat ingevolge artikel 10 van die Wet op Sekuriteitsdienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), gelisensieer is, is die heffing 'n bedrag van R1 746 700.
- (3) Die heffings bedoel in subitems (1) en (2) moet nie later nie as 30 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op gemagtigde verskaffers van finansiële dienste

15. (1) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n Kategorie I verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2006, uitgesonderd enige sodanige verskaffer wat ook 'n Kategorie II of III verskaffer bedoel in subitem (3) of enige sodanige Kategorie I verskaffer bedoel in subitem (4) is, die heffing bedoel in subitem (2) voor of op 30 November van die heffingsjaar betaal.

(2) Die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum van R800 000, word soos volg bereken:

- (a) 'n basisbedrag van R1 725, en
- (b) $A \times R307$,

waar-

$A =$ die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste, soos op 30 September van die heffingsjaar.

(3) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), as 'n Kategorie II of III verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2006, voor of op 30 November van die heffingsjaar 'n heffing betaal wat onderworpe is aan 'n maksimum van RaDO 000 en wat soos volg bereken word:

- (a) 'n basisbedrag van R3 950; en
- (b) $A \times R307$; en
- (c) $B \times 0,000010727$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiële dienste, soos op 30 September van die heffingsjaar; en

B = die totale waarde van beleggings bestuur namens kliente ingevolge die magtiging as In verskaffer van finansiële dienste op 30 Junie van die heffingsjaar: Met dien verstande dat beleggings onder bestuur wat in buitelandse valuta gehou word, ingesluit moet word teen die wisselkoers wat op daardie datum in die Pers gepubliseer is.

- (4) Behoudens subitem (5), moet 'n persoon wat ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies-en Tussengangerdienste, 2002 (Wet 37 van 2002), as 'n Kategorie I verskaffer van finansiële dienste gemagtig is soos beoog in subitem (1), en wat slegs finansiële dienste lewer ten opsigte van finansiële produkte wat behoort aan Langtermyn Versekering Kategorie A 5005 bedoel in sub kategorie (1) in Kolom Een van Tabel A in paragraaf 3(1) van die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2006, voor of op 30 November van die heffingsjaar 'n hefting betaal van R1 725.
- (5) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsenteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van 'n enkele hefting bedoel in subitem (2), (3) of (4), na gelang van die geval. Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.

Heffing vir Befondsing van Kantoor van Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste

16. (1) Behoudens subitem (3), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002, as 'n Kategorie I, II of III verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2006, bedoel in item 15(1), die hefting bedoel in subitem (2) voor of op 30 November van die heffingsjaar betaal.
- (2) Die hefting, wat onderworpe is aan 'n maksimum van R120 000, word soos volg bereken:

- (a) 'n basisbedrag van R440, en
- (b) AxR165,

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiele dienste goedgekeur deur die Registrateur, plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die verskaffer van finansiele dienste, sods op 30 September van die heffingsjaar.

- (3) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiele dienste wat deel vorm van dieselfde regsenteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van 'n enkele heffing bedoel in subitem (2). Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiele dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiele dienste te wees.

Heffing op sentrale effektebewaarnemers

- 17. (1) Ten opsigte van Strate Beperk, 'n sentrale effektebewaarnemer, gelisensieer ingevolge artikel 32 van die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), is die heffing in bedrag van R1 210 200.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1) moet nie later nie as 30 Julie van die heffingsjaar betaal word.

Heffing op finansiele markte ten opsigte van markmisbruik

- 18. (1) Die heffing vir die betaling van die koste verbonde aan die uitvoering van die werksaamhede van die Raad en van die Direktoraat op Markmisbruik ingevolge die Wet op Sekuriteitedienste, 2004 (Wet No. 36 van 2004), word betaal deur die beurse gelisensieer ingevolge artikel 12 van die Wet op Sekuriteitsdiense, 2004, naamlik JSE Beperk en die Effektebeurs van Suid-Afrika. Die totale heffing vir die heffingsjaar beloop R7 400 000.
- (2) Die totale heffing word bereken en betaal op die volgende basis:

- (a) JSE Beperk betaal voer of op 30 Julie van die heffingsjaar 20%, dit wil se R1 480 000, van die totale heffing.
 - (b) Die Effektebeurs van Suid-Afrika betaal voor of op 30 Julie van die heffingsjaar 100%, dit wil se R740 000, van die totale heffing.
 - (c) Die balans van die totale heffing, naamlik R5 180 000, word in vier paaiemente kwartaalliks betaal op 'n gebruiker-betaal basis deur die beurse waar markmisbruik ondersoek gedurende die voorafgaande kwartaal uitgeveer is. Die paaiemente is betaalbaar voer of op 30 Julie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar.
- (3) Bykomend by die totale heffing in subitem (1) bedoel, is die regskoste wat werklik deur die Raad aangegaan is ten opsigte van markmisbruik gedingvoering kwartaalliks agterna betaalbaar deur die relevante beurs.

ALGEMEEN

Betaling van heffings

19. (1) Die heffings en rente (as daar is) daarop in hierdie Kennisgewing bedoel, is behoudens die bepaling van hierdie Kennisgewing, deur die betrokke finansiële instelling aan die Raad betaalbaar deur middel van 'n tjek, posorder, geldwissel, of 'n geldoordrag.
- (2) Rente sal gehef word op alle uitstaande rekeninge teen die gekwoteerde prima oortrekkingskoers van Standard Bank van Suid-Afrika Beperk.

Aansoek om vrystelling

20. (1) 'n Aansoek deur 'n finansiële instelling om die verlening kragtens artikel 15A(4) van die Wet van vrystelling van 'n bepaling van hierdie Kennisgewing moet skriftelik gerig word aan die Uitvoerende Beampte, Raad op Finansiële Dienste, Posbus 35655, Menlopark, 0102, op 'n datum minstens een maand voor die datum waarop die vrystelling ooreenkomstig die aansoek in werking moet tree.
- (2) So 'n aansoek moet volledige besonderhede bevat van die finansiële instelling, die magtiging van die persone wat die aansoek onderteken en die datum waarop die

vrystelling, indien verleen, in werking moet tree en moet volledig die redes vir die aansoek uiteensit.

(3) Die aansoek moet-

(a) 'n bevestiging bevat van die betrokke finansiële instelling om, by ontvangs van so 'n versoek, die Uitvoerende Beampte onverwyld te voorsien van die ander of verdere inligting of besonderhede wat die Raad mag verlang in verband met die betrokke instelling of aansoek; en

(b) besonderhede bevat van die adres waar die instelling betekening deur die Raad sal ontvang van enige kennisgewing beoog in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet.

(4) In Kennisgewing bedoel in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet word op las van die Raad deur die Uitvoerende Beampte per geregistreerde pos beteken by die adres wat die finansiële instelling ooreenkomstig subitem (3)(b) in sy aansoek om vrystelling verstrek het.

Gekonsolideerde betalings

21. Indien enige liggaam wat deur die Raad as ten volle verteenwoordigend van 'n kategorie finansiële instellings beskou word, in 'n bepaalde heffingsjaar aanbied om 'n gekonsolideerde betaling van heffings te maak namens daardie kategorie ingevolge 'n ooreenkoms aangegaan tussen sodanige kategorie en die liggaam, kan die Raad so 'n aanbod aanvaar indien die betaling gemaak word ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Kennisgewing: Met dien verstande dat indien om enige rede so 'n gekonsolideerde betaling nie aldus op die voorgeskrewe datums van betaling gemaak word nie, elke afsonderlike betrokke finansiële instelling ten volle aanspreeklik bly vir die hefting deur hom verskuldig plus rente (as daar is) op daardie bedrag bereken ooreenkomstig item 19(2).

Intrekking van kennisgewings en voorbehoud

22. (1) Raadskennisgewing 51 van 30 May 2006 word, behoudens subitem (2), ingetrek.

(2) Indien op die datum van inwerkingtreding van hierdie Kennisgewing enige finansiële instelling nag nie 'n hefting en rente verskuldig daarop, 5005 opgele ingevolge 'n bepaling van 'n kennisgewing in subitem (1) vermeld, ten volle betaal het nie, word

enige sodanige bepaling, tesame met enige ander bepaling van sodanige kennisgewing wat verband hou met eersbedoelde bepaling, geag ten opsigte van die betrokke instelling en die betrokke verskuldigde bedrag nag nie deur subitem (1) ingetrek te wees nie totdat sodanige skuld ten volle vereffen is.
